Saak No: 429/88

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÉLAFDELING)

In die saak tussen:

NICOLAAS BOOYSEN .................. Appellant

EN

DIE STAAT ....................... Respondent

Coram: E.M. GROSSKOPF, MILNE *et* EKSTEEN, ARR

Verhoor: 5 Mei 1989

Gelewer: 25 Mei 1989

# U I T S P R A A K

EKSTEEN, AR :

Die appellant het tereg gestaan op vier aanklagtes, tewete moord, poging tot moord, oortreding van art. 2 van Wet 75 van 1969 (die onwettige besit van 'n vuurwapen) en oortreding van art. 36 van dieselfde Wet (die onwettige besit van ammunisie). Hy is skuldig bevind op al hierdie aanklagtes. Op die aanklag van moord is daar geen versagtende omstandighede gevind nie en die appellant is gevolglik die doodstraf opgelê. Die huidige appèl is slegs gerig teen die bevinding van die hof a quo dat daar geen versagtende omstandighede was nie.

Die getuienis voor die verhoorhof het aangetoon dat die oorledene saam met vyf van sy maats in Beethovenstraat, Retreat, gestap het om ongeveer 1 v.m. die nag van Saterdag 6 September 1986. Hulle was van 'n geselligheid op pad huis toe

en het in die straat geloop en gesels. Toe hulle regoor Beethovenstraat 49 kom, het 'n man (wat later as die appellant uitgeken was) oor 'n sink heining vir hulle gekyk. Hulle het aangestap. Twee van hierdie jong mans, Arnold Weaver en Frans Ontong, het getuig dat hulle voor in die groep gestap het toe hulle opgemerk het dat die appellant uit die perseel gekom het tot in die straat. Hy het iets aan een van die groep (Martin Woods) gesê, en toe, heel onverwags, 'n vuurwapen te voorskyn gehaal en op die groep jong mense geskiet. Die eerste skoot het die oorledene in sy oog getref en sy brein binnegedring. Daarna het die appellant nog drie skote op die groep afgevuur, maar gelukkig niemand anders getref nie. Sy maats het die oorledene na die hospitaal gebring, maar hy is dieselfde dag oorlede as gevolg van die wond in sy kop.

Weaver en Ontong was die enigste lede van die groep jong mans wat as getuies deur die Staat geroep is. Die appellant was vir albei van hulle 'n vreemdeling gewees,

maar albei van hulle het hom op 'n uitkenningsparade, wat later dieselfde dag gehou is, uitgeken as die persoon wat op hulle geskiet het.

Adjudant de Kock het dan ook dieselfde oggend met 'n kleefband toetsmonsters geneem van die hande van die appellant om te bepaal of daar 'n ontstekingsresidu van die gasse wat by die afvuur van 'n vuurwapen afgegee word op die appellant se hande was. By ontleding is gevind dat daar wel so 'n residu op die appellant se vel tussen die wysvinger en duim van sy regterhand was. Volgens die getuienis van Dirk Richardt Mostert, 'n forensiese analis van die Suid-Afrikaanse Polisie se Forensiese Wetenskapslaboratorium, dui dit onteenseglik daarop dat die appellant se hand binne sowat 20 cm. van 'n vuurwapen wat afgevuur was, moes gewees het. Sy getuienis dui voorts daarop dat so 'n residu gewoonweg nie na langer as vier of vyf uur na die afvuur van die wapen nog waarneembaar op die vel van die persoon wat die wapen afgevuur het sou wees nie, maar dat dit in sekere gevalle oor

ŉ langer tydperk nog waargeneem kan word. Die appellant het ten ene male ontken dat hy ooit ŉ vuurwapen hanteer het, of dat hy dié betrokke aand naby iemand was wat ŉ vuurwapen afgetrek het.

Die appellant het in sy getuienis erken dat hy die betrokke aand by Beethovenstraat 49 was. Hy sê dat sy suster daar woon en dat hy vir haar gekuier het. Daar het hy, sy swaer, en twee vriende sowat drie "kanne" wyn uitgedrink. Hy sê dat hy daarna nog "all right" gevoel het, maar dat hy wou gaan slaap het. Hy beweer dat hy die hele nag deur geslaap het, totdat hy vroeg die volgende oggend wakker gemaak is met die aankoms van die polisie om hom te arresteer.

Ebrahim Koffman, ŉ getuie wat deur die Staat geroep is, het ook daardie nag in dieselfde huis deurgebring. Hy sê dat toe hy sowat kwart oor ag die aand by die huis gekom het, die appellant reeds in die bed was. Hy sê dat die appellant vir hom "baie dronk" voorgekom het. Koffman het

in h buitekamer gaan slaap. Die volgende oggend, sê hy, het hy gesien hoedat die appellant, ten volle geklee, uit die bed klim.

Die appellant se ontkenning dat hy die persoon was wat op die groep jong mans geskiet het is tereg deur die verhoorhof verwerp, en sy gevolglike skuldigbevinding aan moord word nie in die appél voor ons aangeveg nie.

Na skuldigbevinding is geen getuienis namens die appellant aangevoer om versagtende omstandighede te bewys nie.

Mej. Conradie, wat namens die appellant voor ons opgetree het, het aangevoer dat die oënskynlike sinneloosheid van die appellant se optrede dié betrokke nag slegs verklaarbaar sou wees deur sy oormatige drankinname. Dit was dan ook die enigste grond waarop sy staatgemaak het, en sy het steun gesoek vir hierdie submissie by die getuienis van Ebrahim Koffman en van die appellant self.

Dieselfde submissie is aan die verhoorhof

voorgehou, en verwerp. Die geleerde Regter het daarop gewys dat nadat die appellant gedrink het, hy gaan slaap het, en dat die skietery ongeveer vyf uur later plaasgevind het. Die appellant het dus vir die vyf voorafgaande ure niks te drinke gehad nie en hy moes derhalwe nugterder gewees het as toe hy gaan slaap het. Die hof het voorts bevind dat selfs al sou die drank hom nog in 'n mate aangetas het toe hy die noodlottige skoot afgevuur het, die appellant geen getuienis voor die hof geplaas het om aan te toon in hoe 'n mate dit hom nog in daardie stadium beïnvloed het nie. Hy het ook geen getuienis voor die hof geplaas om te verduidelik hoekom hy op die jong mans geskiet het nie, en geen rede blyk uit die ander aangevoerde getuienis nie. In die lig daarvan dat die bewyslas om versagtende omstandighede te bewys op die appellant berus het, en dat hy die enigste persoon is wat van sy gemoedstoestand ten tyde van die pleging van die misdaad kon getuig het, het hy hom nie van die bewyslas gekwyt om te bewys dat sy optrede aan sy drankinname te wyte was, in

so 'n mate dat dit as versagting kon dien nie.

Hierdie redenasie van die verhoorhof kan m.i. nie as 'n mistasting aangewys word nie, en ek kan geen fout daarmee vind nie. Mej. Conradie het steun vir haar submissie gesoek in die beslissing van hierdie Hof in S. v. Felix 1980 (4) S.A. 604 (A). In daardie saak, egter, het die verhoorhof die bewering in die appellant se bekentenis voor 'n landdros as sou hy die aand van die misdaad drank verorber het, geheelenal buite rekening gelaat by die oorweging of daar versagtende omstandighede was aldan nie. Hierdie Hof het op appèl beslis dat dit op 'n mistasting neergekom het, en dit het hierdie bewerings in aanmerking geneem. In die onderhawige geval het die verhoorhof wel die feit dat die appellant vroeër die aand drank gebruik het in oorweging geneem, en, soos ek reeds daarop gewys het, besluit dat, in die lig van al die omstandighede van die saak, dit nie as versagting gesien kon word nie.

Dit is ook aan die hand gedoen dat dit uit die

Staat se opsomming van die wesenlike feite, wat ingevolge die bepalinge van art. 144(3)(a) van Wet 51 van 1977 by die akte van beskuldiging aangeheg is, blyk dat al die getuienis wat tot die Staat se beskikking was, nie gelei is nie. Martin Woods, met wie die appellant voor die skietery sou gepraat het, is nie as ŉ getuie geroep nie. Die besluit van die Staat om Martin Woods nie te roep nie kan egter nie voor ons as ŉ moontlike grond van versagting opgewerp word nie. Ons is verseker dat Martin Woods by die verhoor teenwoordig was, en tot die beskikking van die verdediging gestel is. Die appellant het hom egter nie geroep nie. In die lig hiervan kan die besluit van die Staat om hom nie te roep nie, nie as ŉ oorweging voor ons dien nie.

Bygevolg word die appèl van die hand gewys.

-----------------

J.P.G. EKSTEEN, AR

E.M. GROSSKOPF, AR )
stem saam
MILNE, AR )